[12]

PR 3(ENG) 4/4/2

(14/11/91)

kv/press

PRESS RELEASE BY MR JUSTICE R J GOLDSTONE, CHAIRMAN OF THE COMMISSION OF INQUIRY REGARDING THE PREVENTION OF PUBLIC VIOLENCE AND INTIMIDATION

1. The Commission has to date sent out over 500 written requests for information concerning public violence and intimidation. They have been sent to political parties and political organisations, universities, editors of newspapers, local authorities, civic associations and other institutions and bodies which may have information relevant to the Commission's terms of reference.

2. In addition to the aforegoing, the Commission is receiving information in respect of, and requests for inquiries into, particular incidents.

3. The Commission wishes to stress that it has only five members and in order to carry out its mandate effectively it will have to rely on obtaining and co-ordinating information from other reliable sources, including regular court proceedings and inquests. It cannot possibly itself inquire into every incident of political violence.

4. It must also be stressed that the Commission was in no way intended, nor has it the power or authority, to replace the normal State structures and mechanisms such as police investigations, judicial inquests and prosecutions by Attorneys-General.

5. A Committee of the Commission was established to inquire into violence in Thokoza because the allegations made concerning such violence appeared prima facie to relate to a number of the alleged reasons for violence in many parts of South Africa. It was agreed, therefore, that in this instance it would be proper for the Commission to have its own inquiry under the Chairmanship of one of its own members. This should not be seen as a precedent for a variety of committees of the Commission to investigate every situation of violence which may arise in future. As stated above, the Commission does not have the capacity to do so.

6. With regard to the violence at the President Steyn Gold Mine in Welkom, meetings are being held this week by me and Mr Gert Steyn with senior representatives of the National Union of Mine Workers, the South African Police, the Attorney-General of the Oranje Free State and Anglo American Corporation. After these meetings, the Commission will be in a better position to consider what steps should be taken by it. A further statement will be issued as soon as possible.

7.(a) Enquiries have been received by the Commission from a number of sources as to the effect on the free flow of public information of a reference of a matter to the Commission, or a decision by the Commission to inquire into a matter.

(b) In terms of section 13(b) of the Prevention of Public Violence and Intimidation Act, 1991, it is a criminal offence for any person to insult, disparage or belittle the Commission or to anticipate the proceedings at an inquiry or the findings of the Commission in a manner calculated to influence such proceedings or findings.

(c) Section 8 of the same Act prohibits any person, without the the permission of the Chairman, to disseminate any document submitted to the Commission by any person in connection with an inquiry or to publish the contents or any portion of the contents of such documents.

(d) In no way does the Commission wish to inhibit the free flow of public information. Indeed, media debate and discussion can only assist it in the performance of its functions. In particular it should be stated that subject to the above provisions of the Act it would not be an offence to discuss a matter publicly only because it falls within the Commission's terms of reference or an inquiry. Legitimate discussion of matters of public interest which are the subject of the Commission's proceedings is not suspended.

PR 3 (AFR) 4/4/2
(14/11/91)

**PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR SY EDELE REGTER R J GOLDSTONE, VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK RAKENDE DIE VOORKOMING VAN OPENBARE GEWELD EN INTIMIDASIE**

1. Tot op datum het die Kommissie meer as 500 skriftelike versoeke uitgestuur aan politieke partye en politieke organisasies, universiteite, redakteure van nuusblaaie, plaaslike besture, streekdiensterade en ander instellings en liggame wat oor inligting aangaande openbare geweld en intimidasie mag beskik en wat relevant is tot die Kommissie se opdrag.

2. Bo en behalwe bogenoemde, ontvang die Kommissie ook inligting oor spesifieke voorvalle en versoeke om spesifieke voorvalle te ondersoek.

3. Die Kommissie wil beklemtoon dat dit slegs uit vyf lede bestaan en ten einde sy opdrag effektief uit te voer, sal die Kommissie daarop moet staatmaak om inligting uit ander betroubare bronne te verkry en dit byeen te bring, insluitende vanaf gewone hofverrigtinge en geregtelike doodsondersoeke. Die Kommissie kan onmoontlik self elke voorval van politieke geweld ondersoek.

4. Dit moet ook beklemtoon word dat die Kommissie nie geoogmerk was, of oor die bevoegdheid beskik, om die bestaande Staatstrukture en meganismes soos polisie-ondersoeke, geregtelike ondersoeke, en vervolgings deur prokureurs-generaal te vervang nie.

5. 'n Komitee van die Kommissie is ingestel om die geweld in Thokoza te ondersoek omdat dit voorgekom het asof die bewerings ten aansien van dié geweld, *prima facie* verteenwoordigend is van die beweerde redes vir geweld in baie dele van Suid-Afrika. Daar is gevolglik ooreengekom dat dit in dié besondere geval vir die Kommissie paslik sou wees om sy eie ondersoek onder die voorsitterskap van een van sy lede te hou. Dit moet nie gesien word as 'n presedent vir 'n verskeidenheid van komitees van die Kommissie om elke situasie van geweld wat in die toekoms mag ontstaan, te ondersoek nie. Soos hierbo aangedui beskik die Kommissie nie oor die vermoë om dit te doen nie.

6. Ten aansien van die geweld by die President Steyn goudmyn in Welkom, vergader ek en mnr Gert Steyn hierdie week met senior verteenwoordigers van die Nasionale Unie van Mynwerkers, die Suid-Afrikaanse Polisie, die Prokureur-generaal van die Oranje-Vrystaat en die Anglo American-korporasie. Na afloop van hierdie vergaderings sal die Kommissie in 'n beter posisie wees om 'n besluit te neem welke stappe gedoen moet word. 'n Verdere verklaring sal so gou as moontlik uitgereik word.

7(a) Navrae is deur die Kommissie van 'n aantal instansies ontvang oor die invloed wat die verwysing van 'n aangeleentheid na die Kommissie of die beslissing van die Kommissie om ondersoek na 'n aangeleentheid te doen, op die vrye vloei van openbare inligting sal hê.

(b) Ingevolge artikel 13(b) van die Wet op Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie, 1991, is dit 'n strafregtelike oortreding vir enige persoon om die Kommissie te beledig, neerhalend of verkleinerend daarna te verwys, of om die verrigtinge by 'n ondersoek of die bevindinge van die Kommissie vooruit te loop op 'n wyse wat daarop bereken is om sodanige verrigtinge of bevindinge te beïnvloed.

(c) Artikel 8 van dieselfde Wet verbied enige persoon om sonder die toestemming van die Voorsitter 'n dokument wat in verband met 'n ondersoek deur enige persoon aan die Kommissie voorgelê is, te versprei of die inhoud of 'n gedeelte van die inhoud van so 'n dokument, te publiseer.

(d) Die Kommissie wil egter geensins die vrye vloei van openbare inligting belemmer nie. Inteendeel, debatvoering en bespreking in die media kan vir die Kommissie in die uitvoering van sy funksies slegs van hulp wees. In besonder moet dit vermeld word dat, onderhewig aan bostaande bepalings van die Wet, dit nie 'n misdryf sal wees om 'n aangeleentheid in die openbaar te bespreek net omdat dit binne die omskrywing van die Kommissie se opdrag of 'n ondersoek val nie. Regmatige bespreking van aangeleenthede van openbare belang wat die onderwerp van die Kommissie se verrigtinge is, word nie opgeskort nie.